higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KONSTRUKSIETOESIGHOUDING
NKR VLAK 4

(12010474)

24 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

290Q1N2324

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
KONSTRUKSIETOESIGHOUDING
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Ongeskoolde werkers doen 'n verskeidenheid take op 'n bouterrein.

Noem VYF tipiese voorbeelde van take wat ongeskoolde werkers op 'n bouterrein verrig. (5)

1.2 Maak 'n netjiese enkellynskets wat Maslow se behoefteshiërargie aandui. (5)

1.3 Noem VYF eienskappe waaroor 'n konstruksietoesighouer moet beskik. (5)

1.4 Bespreek VYF voordele daarvan om werkers in die openbaar te prys. (5)

[20]

VRAAG 2

2.1 Die werkeklerk beskik oor die kundigheid en professionalisme wat nodig is om die projekspan te help om die klant se uiteindelike doel te bereik.

Bespreek VYF pligte van 'n werkeklerk in enige bouprojekte. (5)

2.2 Definieer die term, *gehaltebeheer*. (2)

2.3 Projekbestuurders voltooi gewoonlik mylpaalkaarte vir elke projek wat hulle bestuur.

Gee DRIE voordele daarvan om mylpaalkaarte te gebruik. (3)

[10]

VRAAG 3

3.1 Noem VYF veiligheidsaspekte wat by werk op enige bouterrein in ag geneem moet word. (5)

3.2 Noem VYF items persoonlike beskermende toerusting wat sweisers moet dra wanneer hulle op 'n bouterrein werk. (5)

[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Noem VYF verantwoordelikhede van 'n voorsitter tydens 'n vergadering. (5)

4.2 Verduidelik die volgende begrippe en gee EEN voorbeeld van elk:

4.2.1 Direkte koste

4.2.2 Indirekte koste

(2 × 3) (6)

4.3 Toesighouers moet hulpbronne op die terrein monitor en beheer.

Noem VYF voorbeelde van hulpbronne op 'n bouterrein. (5)

4.4 Noem VIER tipes vergaderings wat op 'n bouterrein gehou kan word. (4)

[20]

VRAAG 5

5.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

5.1.1 Dit is die werkgewer se verantwoordelikheid om seker te maak dat elke werker duidelik ingelig is en die gesondheids- en veiligheidsgevare van enige werk wat verrig word, verstaan.

5.1.2 Die werkplekforum kan nie met die werkgewer oor kwessies aangaande uitdiensstellings en taakgradering onderhandel nie.

5.1.3 Werkers en werksoekers het geen reg om 'n vakbond te stig of aan enige vakbond-aktiwiteite deel te neem nie.

5.1.4 Volgens die Suid-Afrikaanse Wysigingswet op Arbeidswette is moeders op 3 maande se kraamverlof geregtig tydens die geboorte van die werknemer se kind.

5.1.5 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes is ingestel om te verseker dat enige onbillike afdankings nie in die werkplek plaasvind nie.

5.1.6 Artikel 78 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes bepaal dat elke werknemer die reg het om 'n klagte by 'n vakbondbeampte of 'n arbeidsinspekteur aanhangig te maak oor enige beweerde weiering van 'n werkgewer om aan hierdie wet te voldoen.

5.1.7 Om 'n werkgewer op grond van sy geloof af te dank is 'n tipiese voorbeeld van onbillike arbeidspraktyk.

Kopiereg voorbehou

5.1.8 Om 'n mens se familielede in diens te neem is 'n tipiese voorbeeld van nepotisme in die werkplek.

5.1.9 Volgens die Suid-Afrikaanse Wysigingswet op Arbeidswette, is vaders geregtig op 10 dae ouerverlof tydens die geboorte van die werknemer se kind.

5.1.10 Die Wet op Arbeidsverhoudinge is daarop gerig om ekonomiese ontwikkeling, maatskaplike geregtigheid, arbeidsvrede en demokratisering van die werkplek te bevorder.

(10 × 1) (10)

5.2 Verduidelik die algemene pligte van die werkers aangaande hul gesondheid en veiligheid op 'n bouterrein. (5)

[15]

VRAAG 6

6.1 Omskryf DRIE doelwitte daarvan om dissipline in 'n organisasie te handhaaf. (3)

6.2 Sekere oortredings mag onmiddellike afdanking of skorsing regverdig, selfs na 'n eerste oortreding.

Noem SES van hierdie oortredings. (6)

6.3 Verduidelik VIER uitwerkings wat konflik op 'n bouterrein op produktiwiteit kan hê. (4)

6.4 Definieer die begrip, *demosie*. (2)

[15]

VRAAG 7

Noem TIEN belangrike rekords wat op 'n bouterrein geliasseer moet word. **[10]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou